



*(***Iets gebeur dwarsdeur Jesus se bediening as Hy in mense se huise kom***. Die volgende 4 weke gaan ons preek-tema HOME wees en gaan ons na 4 eienskappe van 'n geestelike tuiste kyk – in aansluiting by ons jaartema: SA Gemeente, 'n geestelike tuiste vir wêreldreisigers)*

**Ysbreker**

**Gesels as groep eers saam oor die volgende vrae:**

- **Vertel vir mekaar van jou gunsteling gereg en die rede waarom dit so is!**
- **Waarom dink julle speel eet so 'n groot rol in ons lewens?**
- **Was daar al 'n geleentheid in jou lewe toe jy werklik fisies honger was en daar was nie kos beskikbaar nie – vertel...**
- **Watter parallelle dink julle is daar met geestellike honger-wees?**

**Skriflesing: Lukas 22:14-20 en Johannes 6: 26-36**

Lees die gedeelte saam en gee aan elke groepslid kans om te sê wat in die gedeelte het hulle getref.

Om geestelik te groei het ons nodig om gevoed te word.

- **Hoe voed jy gewoonlik jouself geestelik?** (Maak 'n volledige lys van almal se bydrae – gee vir elke groepslid genoeg kans om hierop uit te brei... en kies ongeveer 5/6 sake wat julle dink kan help om geestelik gevoed te word.)
- As jy na die prioriteitslys kyk wat die selgroep gemaak het, watter sake het jy nodig om te groei?

**In hierdie gedeelte lees ons dat Jesus Homself as geestelike brood (voedsel) aanbied - Johannes 6:35**.

- Wat dink julle sou dit beteken dat Jesus die brood van die lewe is?

- **En hoe "eet" ons Jesus?** Wees baie prakties – vergelyk dit met hoe ons in die algemeen met gewone voedsel omgaan.

*(bv gereeld, 3x 'n dag, tussen in snack, probeer nuwe geregte of dan nuwe maniere etc...)*

Die Nagmaal het nog altyd mense teruggeneem na Jesus se dood. En Jesus sê self in **Lukas 22:19** dat wyn en brood 'n manier is wat ons Hom eet.

- Wat beteken dit as ons Jesus se sterwe moet "eet"?

  *(soos ons gereeld eet, so het ons nodig om gereeld herinner te word aan Jesus wat vir ons sterf...)*

- Hoekom het ons dit nodig om gereeld herinner te word aan Jesus wat vir ons sterf?
  - *(dink aan sake soos dat ons in ons eie lyding mag weet Jesus verstaan,*
  - *Hy het ook gely, Hy was ook God verlate, sy vriende het Hom ook ge-drop*
  - *– Judas en Petrus ea*

- Wat dink julle sou dit beteken as Petrus later skryf***: "deur sy wonde het daar genesing gekom..."*** Hoe kan Jesus se lyding (of letterlik sy wonde) ons gesond maak en voed?

**Baie persoonlik:**

As ons geestelik honger is, is ons nooit uitgelewer aan ons self nie. Jesus se uitnodiging staan: Kom eet. Hoe kan jy jouself geestelik voed – neem 'n besluit oor van die sake wat julle in hierdie bybelstudie gepraat het wat dalk vir jou hiermee kan help. **Noem een saak in die groep wat jy gaan doen.**

**Hoe kan ons as selgroep mekaar hieroor uitdaag, help en aanspreeklik hou en wat kan julle doen om as groep mekaar te voed?**

**Gebed:** Bid spesifiek oor die sake wat elkeen voorgeneem het om te gaan doen en oor dit wat julle besluit het julle as groep gaan doen.